

Die twee getuies: Die kerk in die eindtyd (OP2)

Op 11:1-14

26 Julie 2020

Ons het laasweek gesien dat Johannes twee visioene gesien het na die blaas van die sesde trompet en voor die blaas van die sewende trompet. Die eerste visioen was die visioen oor die klein boekie. Daarna het ons laasweek in detail gekyk. Ons het gesien dat Johannes die klein boekie uit die hand van Jesus moes gaan neem. Hierdie boekie is verteenwoordigend van God se geopenbaarde wil aan die mensdom, en is dus die Bybel. Johannes moes dit eet – dit was soet in sy mond, maar bitter in sy maag. Hy moes beide die Bybel met al sy heerlike beloftes, maar ook met al sy oordele verteer, en daarna dit gaan verkondig. Dit was dringend, siende dat Jesus met 'n eed bevestig het dat die sewende engel op die punt staan om op sy trompet te blaas, en dan gaan God Sy verborge bedoeling met alles bereik.

Vanoggend kom ons by die tweede visioen – die visioen oor die twee getuies. Ek moet erken hierdie gedeelte is vir my een van die mees ontstellende hoofstukke in Openbaring. Elke keer as ek dit lees, is dit asof dit my opnuut skok. Ek wil dit bespreek onder die volgende hoofpunte:

- Die twee getuies is die kerk deur die eeue
- Die toerusting van die kerk vir sy taak
- Die kerk net voor die wederkoms

Die twee getuies is die kerk deur die eeue

Vers 1 begin met Johannes wat die opdrag ontvang om die tempel, die altaar en die mense wat God daar aanbid te gaan meet. Daar is uiteenlopende interpretasies van hierdie tempel. Sommiges is oortuig dit verwys na 'n toekomstige fisiese tempel wat iewers in die toekoms in Jerusalem opgerig gaan word. Ander is oortuig dat dit na die fisiese Herodes tempel verwys wat in 70 nC verwoes is. Ek het ernstig my bedenkinge of ons hier aan 'n fisiese tempel moet dink. Hoekom moet hierdie tempel nou 'n fisiese werklikheid wees as die boek Openbaring duidelik nie 'n fisiese kandelaar bedoel as hy die gemeentes beskryf nie, of nie 'n fisiese lam wat die seëls van die boekrol mag oopmaak nie? Ons moet weer die Bybel gebruik om homself te verklaar.

Ons het al dikwels oor die openbaringslyn van die tempel deur die loop van die Bybel gepraat. Lees 1 Kor 3:16-17. Duidelik het die term tempel in die Nuwe Testament nie meer 'n fisiese tempel in die oog nie. Nee, die gemeenskap van ware gelowiges word beskryf as die tempel. Ef 2:21-22 en 1 Pet 2 doen dieselfde. Die feit dat Johannes die tempel moet gaan meet, gryp duidelik terug na die visioen wat Esegïel gesien het aan die einde van sy profesie (lees maar Eseg 40-41) – wat weereens nie 'n fisiese tempel was nie.

Boonop moet Johannes nie net die tempel meet nie, hy moet ook die altaar en die mense wat God dien, meet. Die altaar waarvan ons hier lees, is sekerlik die altaar waarvan ons nou al verskeie kere in Openbaring gelees het – die wierookaltaar, die altaar wat geassosieer word met die gebede van die gelowiges. Dit maak net logies sin om raak te sien wat Johannes moet gaan meet, is die mense wat gelowiges is – wat almal saam die tempel uitmaak, die mense wat God dien deur onder andere voortdurend in gebed voor Hom te wees. Dit is hulle almal saam wat die tempel uitmaak – ons kan dus sê dit is die kerk.

Wat is die betekenis dat Johannes hulle moet gaan meet? Die feit dat hulle gemeet is, beteken daar is sekerheid hulle is almal daar. God maak seker nie een is uitgesluit nie. Die betekenis is soortgelyk aan die feit dat hulle almal gemerk is met die seël van God op hulle voorkoppe.

Volgens vers 2 moet Johannes egter nie die voorhof meet nie, want die voorhof en die heilige stad, d.w.s. Jerusalem is aan die heidene oorgegee vir 42 maande. Hierdie is reeds 'n aanduiding van die swaar tye wat die kerk kan verwag. Die heidene is gedurende hierdie 42 maande aktief – nie net in die wêreld nie, hulle dring selfs die heilige stad en die voorhof binne. Die waarskuwing aan die kerk hier is dat gedurende hierdie 42 maande heidene selfs in hulle geledere sal indring. Hierdie heidene kan selfs deel word van die institusionele kerk – maar hulle is nie deel van die ware gemeentes, of geseëldes nie. Die kerk moet nie net aanslae van buite verwag nie, maar selfs van binne hulle eie geledere.

Wat is die betekenis van die 42 maande? In vers 2 vertrap die heidene die heilige stad vir 42 maande. In vers 3 ontvang die twee getuies die opdrag om God se boodskap vir 1260 dae te gaan verkondig. Maar let nou op: 42 maande is 1260 dae. In Op 12:5 lees ons dat dit die tyd is wat die vrou in die woestyn bewaar word na haar Kind na die hemel weggeruk is, d.w.s. na Jesus se hemelvaart. In Op 12:14 word die periode van die bewaring van die vrou beskryf as 'n tyd, tye en 'n halwe tyd (OAV). As "'n tyd" een jaar is, en "tye" twee jaar is, is hierdie periode drie en 'n half jaar, wat ook 42 maande, of 1260 dae is. Dit alles gryp natuurlik terug na Dan 7:25-26, waar die periode van regering van die vierde dier/koninkryk vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd sal wees, en daarna volg die finale oordeel van God. Ons gevolgtrekking moet dus wees dat 42 maande, 1260 dae, tyd, tye en 'n halwe tyd elke keer verwys na die periode tussen Jesus se eerste en tweede koms.

Wie is die twee getuies waarvan vers 3 praat? Daar was al baie voorstelle: Moses en Elia (dit sou goed pas met die verwysing in vers 6 na hulle twee, en onthou dit was juis hulle twee wat saam met Jesus op die berg van verheerliking was), of Elia en Elisa, of Enog en Elia, of die wet en die profete, of die Ou en die Nuwe Testamente. Maar let op: die getuies moet getuig vir die hele periode tussen die eerste en die tweede koms van Jesus. Dit is dus onwaarskynlik dat dit twee individue kan wees. Onthou ook dat in Op 6:9 die gelowiges beskryf word as die wat aan die Woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het. Hulle is dus die wat getuig het, en selfs doodgemaak is daarvoor. Op 12:11 maak dit ook duidelik dat dit al die gelowiges is wat getuig. Die twee getuies is dus al die gelowiges, dit is die kerk. Hoekom word hier dan van die gelowiges, oftewel die kerk, as van twee getuies gepraat? Waarskynlik omdat Deut 17:6 leer dat in die mond van twee of drie getuies die inhoud van die getuienis verseker word. Of dink aan Jesus wat die 72 (70) twee-twee uitgestuur het. Of dink aan net twee van die sewe gemeentes het 'n goeie verslag van Jesus ontvang.

Die punt is dus die volgende: Die kerk kan stryd verwag in hierdie periode – van buite en selfs van binne hulle eie geledere. Maar hulle het die versekering hulle is gemeet. Maar hulle het ook 'n taak – hulle moet gaan getuig, wat direk aansluit by wat ons laasweek gesien het die gevolg was van Johannes wat die klein boekie moes eet. Hy moes ook toe gaan getuig.

Die toerusting van die kerk vir sy taak

Duidelik het die kerk 'n groot taak om te verrig – hulle moet gaan getuig te midde van vertrapping deur die heidene. Maar hiervoor ontvang hulle verskeie stukke toerusting:

In vers 4 lees ons hulle is die twee olyfbome en die twee lampe wat voor God staan. Om dit te verstaan, moet ons Sag 4:1-14 lees. Ons het nie tyd om in detail na hierdie visioen te kyk nie. Die konteks van die visioen is die herbou van die tempel na die ballingskap. Onthou nou dat die tempel die kerk simboliseer. Let nou op die volgende: (1) die olie vloei van die olyfbome na die oliebak en

dan via die lamppitte na die lampe. Volgens vers 6 moet ons duidelik hieronder verstaan dat dit verwys na die werking van die Heilige Gees. (2) Volgens verse 11-14 is die twee olyfbome die twee gesalfdes. Heelwaarskynlik moet ons hier Jesua, die hoëpriester, en Serubbabel, die koning in gedagte hê. Hulle was in beheer van die herbou van die tempel. Hoe was die volk destyds aangemoedig om aan te hou bou aan die tempel? Deur die werk van die Heilige Gees, onder leiding van hulle aardse leiers – ‘n hoëpriester en ‘n koning. Hoe moet die kerk aanhou met sy taak? **Deur die Heilige Gees, onder leiding van hulle leiers wat met waagmoed aangaan om die taak te verrig, en deurdat hulle elkeen self nou ook ‘n priester en koning is.**

In vers 5 lees ons van nog ‘n stuk toerusting wat hulle ontvang: As hulle kwaad aangedoen word (iets wat hulle kan verwag), dan kan hulle hierdie kwaaddoeners met vuur uit hulle monde verteer. Beteken dit die kerk kan letterlik links en regs vuur spoeg op enigeen wat hulle teenstaan? Onthou die volgende twee aspekte: (1) In Op 1:16 lees ons wat uit die mond van die Seun van die mens uitkom – ‘n tweesnydende swaard. (2) Lees Jer 5:14. God se Woord word in Jeremia se mond ‘n vuur waarmee hy die volk verteer. Die toerusting wat die kerk het, is om die kwaaddoeners met die **Woord** te konfronteer. Verstaan jy hoekom dit so belangrik is dat hulle die Woord moet verteer – beide die soet en die bitter dele daarvan?

Vers 6 gee nog aanduidings van waarmee hulle toegerus is. Aan die een kant kan hulle die hemel toesluit sodat dit nie reën nie – dit verwys natuurlik na 1 Kon 17 en 18 waar Elia gebid het dat dit nie reën nie, en daarna volg daardie hele episode tussen hom en die Baälprofete. Onthou hoe Elia op die ou end vuur uit die hemel afbid. Sien jy die klem op gebed? Onthou wat Jak 5:17 leer – Elia het gebid, en dit het 3 jaar en 6 maande nie gereën nie – hoor jy: ‘n tyd, tye en ‘n halwe tyd! En, voeg vers 6 by, hulle het ook die mag om die aarde met allerhande plaes te tref, soos om water in bloed te verander. Natuurlik verwys dit na Moses (bv Eks 7:17-25). Maar onthou nou wat ons gesien het met die 6 trompette – hulle word geassosieer met die tien plaes. Onthou ook, dit was juis na aanleiding van die gelowiges se gebede wat saam met die wierook voor God opgestyg het, dat die engele op hulle trompette begin blaas het, en hierdie plaes die aarde en ongelowiges getref het. Beide die verwysing na Elia en Moses onderstreep die rol van **gebed** om effektief te getuig gedurende hierdie 42 maande.

Kan ek opsom: Die kerk is voldoende toegerus om haar getuiesrol te vervul: Sy het die Heilige Gees wat saam met haar getuig. Sy het die Woord wat sy moet eet, die soet en die bitter, en waarmee sy die heidene moet konfronteer. Sy het gebed waardeur Sy God se wil soek, en wat aanleiding gee dat God die wêreld tref met plaes om die heidene te konfronteer. Sy het leiers wat haar voed met die Woord deur die Heilige Gees sodat sy onbevrees en met vrymoedigheid haar taak kan verrig. Elke lid van die kerk is boonop self ook priester en koning.

Die kerk net voor die wederkoms

Vers 7 verduidelik wat met die getuies, d.w.s. die kerk, gaan gebeur wanneer hulle hulle getuies klaar gelewer het. Ons verstaan tog dat die getuies moet aanhou getuig tot al die medegelowiges ook gearriveer het. Daarom moet dit impliseer dat wat vers 7 na verwys, kort voor die eindoordeel sal plaasvind.

Ons lees ook in vers 7 dat die dier uit die onderaardse diepte hulle gaan oorwin en doodmaak. Wie is hierdie dier? Hy is natuurlik Apollion, oftewel Abaddon waarvan ons in die vyfde trompet gelees het. Hy is natuurlik die Satan wat uit die hemel gegooi is. Dit is nie net teen die einde van die tyd dat hy teen die kerk oorlog voer nie, maar dis wel teen die einde van die tyd, kort voor die finale oordeel dat hy die kerk gaan oorwin. Wat dit beteken, is dat ons kan verwag dat kort voor die einde die kerk

as sulks gaan verdwyn. Ek is nie seker dat daar geen gelowiges meer gaan wees nie, maar ten minste sal die kerk nie meer as 'n instelling bestaan nie. Dink maar aan wat ons lees in Luk 18:8b – “Maar sal die Seun van die mens by Sy koms, nog geloof op die aarde vind?” Let egter daarop, dit gebeur eers as hulle getuienistaak afgehandel is, m.a.w. as die kerk sy rol om mense in te bring, suksesvol voltooi het. Natuurlik, sal die oorblywende gelowiges nie verlore gaan nie – hulle is steeds gemeet en gemerk.

Vers 8 vertel hulle lyke lê in die hoofstraat van die stad waar hulle Here gekruisig is – d.w.s. in Jerusalem. Maar onthou, ons het reeds in vers 2 gelees dat Jerusalem deur die heidene vertrap word. Die stad word ook beskryf as Sodom en Egipte. Sodom is 'n simbool van totale immoraliteit, en Egipte is simbool van die wat die volk destyds vervolg het, en dus nou die kerk gedurende die 42 maande, vervolg. Die tragedie is dat daar nie eers meer onderskeid is tussen Jerusalem, en Sodom en Egipte nie. Die hele wêreld het verval in immorele dade en het die kerk vervolg. Vir drie en 'n half dae sien die mense uit al die volke, stamme, tale en nasies die lyke van die getuies in die straat lê. Onthou, hierdie mense uit die volke, stamme, tale en nasies was juis die teiken van die getuienis van die kerk. Hulle het hulle egter nie bekeer nie – trouens volgens vers 10 is hulle opgewonde oor die feit dat die kerk uiteindelik geëlimineer is – die kerk was vir hulle net 'n teistering.

Vers 11 vertel ons egter dat hulle net drie en 'n half dae dood was. Hoekom drie en 'n half dae? Wel, onthou die getuienis van die kerk het aangehou vir drie en 'n half jaar. Hierdie periode waar die wêreld opgewonde dink hulle het die kerk oorwin, is maar kort in vergelyking met die tyd wat die kerk hulle geteister het. Sommige kommentare sien 'n verband met die drie jaar van Jesus se openbare optrede, gevolg deur drie dae in die graf, waarin Sy vyand ook gedink het hulle het oorwin.

Na drie en 'n half dae word die getuies egter lewendig deur die werk van God se Gees. Hulle word geroep vanuit die hemel om op te kom daarheen. Dit herinner aan 1 Tess 4:16-17 waar die gelowiges ook op 'n wolk weggevoer word die lug in. En dan lees ons in vers 13 van rampe wat die aarde tref. Daar is 'n groot aardbewing, met die gevolg dat 'n tiende van die stad intuimel en 7 000 mense sterf. Dit is in sterk ooreenstemming met die oopmaak van die sesde seël, wat ook kort voor die finale oordeel plaasvind. Daar was ook 'n aardbewing. En daar was die mense ook bevrees – net soos die geval hier is.

Die gedeelte sluit af in vers 14 met die stelling dat dit die einde van die tweede wee is. Die eerste wee het die einde van die vyfde trompet aangedui, en ons kan dus sê dat al hierdie gebeure waarvan ons hier gelees het, alles deel is van die blaas van die sesde trompet.

Toepassings

Die kerk het 'n ontsaglike groot en dringende taak om te verrig: hulle moet getuig. Hulle getuienis is die instrument waardeur die medegelowiges wat nog moet inkom, sal inkom – en daarna sal die sewende engel op sy trompet blaas, en God Sy verborge bedoeling met alles bereik.

Maar die kerk is behoorlik toegerus hiervoor:

- Hulle is gemerk met die seël van die lewende God, en hulle is gemeet as deel van God se tempel.
- Hulle getuig nie alleen nie – soos die olyfolie daardie lampe aan die brand hou, so werk die Heilige Gees in hulle, Hy getuig saam met hulle – soos Johannes ook in Sy evangelie leer.
- Hulle het die Woord van God. Hulle moet dit eet – die soet en die bitter daarvan. As hulle dit gedoen het, weet hulle presies wat hulle moet getuig. Hulle gebruik hulle deeglike verstaan van die Woord om die wêreld te konfronteer en te bestraf.

- Hulle mag bid, soos Elia gebid het. Hulle mag onthou dat hulle gebede God se oordele loslaat oor die goddelose wêreld. Natuurlik soek hulle biddend dat God se wil geskied, en bid nie net links en regs vuur uit die hemel af op die wêreld nie.
- Hulle het leiers as olyfbome wat hulle moet lei in hierdie getuienisrol in die wêreld. Natuurlik moet hierdie leiers self ook Geesvervuld wees, hulle is immers olyfbome.
- Boonop is elke gelowige ook 'n priester en koning.

Die kerk kan baie teenstand verwag. Hierdie teenstand kom beide van buite en van binne die kerk. Aanslae van buite is dikwels makliker identifiseerbaar as die aanslae van binne. Die kerk sal dus wakker moet wees. Dit sal naïef wees om te aanvaar dat almal in die kerk besorgd is oor die uitbreiding van God se koninkryk. Ons almal kan dit raaksien in die kerk van ons dag – lidmate wat net as passasiers saamry, of selfs daarna streef om die getuienisrol van die kerk te vertraag. Die kerk behoort 'n teistering te wees vir die wêreld waarin sy leef. Ek is oortuig die kerk van ons dag skiet ver tekort. Daar is baie gemeentes wat kan verdwyn, en die wêreld gaan nie net nie feesvier nie, hulle gaan nie eers weet nie. Dit demonstreer hoe min van 'n teistering hulle was.

Die kerk kan self verwag om teen die einde van die tyd te verdwyn, waaroor die wêreld sal feesvier. Maar dit bedreig nooit die gemerktheid en gemeetheid van die gelowiges nie. Hulle sal verseker in die hemel voor God se troon eindig – hulle het 'n waarborg hiervoor. Maar tot tyd en wyl dit gebeur, het hulle 'n taak wat groot commitment vra, waarvoor hulle al die toerusting wat hulle van God ontvang, ruim sal moet gebruik.